
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH
In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

VURIGE GEBED

Weer sê ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is. Matt. 18:19

Ons lees in **Matt. 18:19: Weer sê ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is.** Laat ons nie enige beperkings op hierdie woorde plaas nie, laat ons Jesus op Sy Woord neem: al vereistes hier is dat daar twee gelowige persone moet wees en hulle moet op die aarde wees en hulle moet saamstem en God sal getrou wees. Die gebed moet natuurlik in lyn wees met God se Woord (Sy Wil) en Sy beloftes: **Dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is.** Jesus sê in Joh. 14:14 dat as ons iets in Sy Naam vra, **SAL** Hy dit doen.

1 Joh. 5:14: **En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy Wil** (Woord).

En net so met hierdie belofte dat waar twee saamstem dit hulle sal ten deel val, luister hoe sterk stel die 1979 Afr. Vertaling Matt. 18:19: **Verder verseker Ek julle: As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat verkry.**

Ook vers 20 is pragtig: **Want waar twee of drie in My Naam saam is, daar is Ek by hulle.** Waar twee dus saamstem, daar is Jesus teenwoordig om te voorsien wat hulle vra.

Hou in gedagte dat elke vers in die Bybel daar is met 'n Goddelike doel en vir ons om te gebruik: God weet dat ons geloof ook versterk is as iemand met ons saamstem, daarom moet ons ook van hierdie manier van bid gebruik maak. Soek vir jou 'n gebedsmaat en bid gereeld saam en ondervind self hoe geseënd sulke gebede is. So kan jy en jou vrou/man ook 'n kragtige span vorm wanneer dit kom by bid en voorbidding, want waaroor julle saamstem sal God Self opvolg bv. herinner God aan Sy Woord.



Ek wil ook dan net hier dit beklemtoon dat ons geen vordering in ons verhouding met God en in ons gebedeslewe sal maak, as ons dit as 'n gewoonte beskou, net 'n minimale tydjie daaraan bestee en met 'n vae hoop rondloop dat God ons gebede miskien sal verhoor nie. Om resultate te kry sal ons erns, groot erns moet maak met ons toewyding en gebedslewe. Dit gaan van jou tyd vra, ekstra tyd, jou beste tyd, en hier beveel ek die begin van jou dag aan, wanneer jy nog fris en wakker is.

God sê in Hooglied 7:12: **Laat ons vroeg gaan....daar sal ek jou my liefde gee.** Let ook op dat Jesus Self vroeg soggens gaan bid het toe Hy op aarde was. Maar selfs die tyd van die dag is ook nie die heel belangrikste nie, maar wel dat jy 'n gereelde, vasgestelde tyd elke dag met God in gebed en Sy Woord deurbring, en dit nie laat verdring deur alledaagse bedrywighede nie. En waak hier teen satan, want hy sal alles in sy vermoë doen om jou so besig te hou – soms selfs met kerklike bedrywighede – dat jy nie jou afsonder en alleen by God kom nie. **Hy is 'n beloner van die wat Hom (met ywer) soek (Heb. 11:6)** – dit is God se belofte.

Ten slotte, lees Mark. 11:25-26: **En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemel is, ook julle oortredinge mag vergewe. Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemel is ook julle oortredinge nie vergewe nie.**

Gebede sal nie werk tensy jy 'n vergewende hart het nie. Jy kan nie weerwraak en haat koester en 'n effektiewe gebedslewe hê nie: daardie gesindheid van terugkry moet verdwyn uit jou hart uit. Moenie eers die kleinste bietjie bitterheid, afguns of wraak vertroetel nie, want dit groei vinnig en verander in groot goggas wat die duiwel meesterlike gebruik, om jou geestelike, en dikwels ook fisies, magteloos te maak en te hou. Onthou die man wat vergewe was

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Vurige Gebed.....)
het sy naaste nie vergewe nie, en het homself oorgegee aan die pynigers. Jesus het jou vergewe, sal jy nie ook vergewe nie?

Bely gereeld klein griewe en liefdelose neigings in jou hart tot God en gee hulle dadelik oor aan Hom en laat Hy jou reinig met die krag in Jesus se Bloed.

Ons moet weet hoe om te bid uit die mond van drie Bybelse Getuies: nl. Matt. 6:7-16; Mark. 11:24-26 en 1 Joh. 5:14-15. Spreek God aan as jou Hemelse Vader, loof en prys Hom voordat jy iets vra. Dit is die sleutel tot Sy teenwoordigheid — danksegging en lofprysing en nie die beskuldigings en bevraagtekens nie. Daarna vra jy jou Hemelse Vader wat jy nodig het – moet hom nie van al jou probleme vertel nie, want Hy weet wat hulle is voordat jy bid. Jesus sê 7 keer in Joh. 14:15-16: **Vra enige iets in My Naam** – Hy sê nie: Vertel my al jou probleme nie, want Hy weet selfs hoeveel hare op jou hoof is en ken al jou probleme. Moet Hom nie beskuldig vir jou probleme nie, want satan en nie God nie, het hulle oor jou gebring en moet nie vir God voorskryf hoe om jou probleme op te los nie, maar vra Sy genade en Goddelike oplossing. Bid altyd die antwoord op die probleem. Jesus is ons voorbeeld en Hy het nooit die probleem gebid nie, maar die antwoord. Nadat jy gebid het, glo dat jou gebede al klaar beantwoord is, volgens Mark. 11:24 wat sê: **Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry,** en dan loof God elke dag totdat die manifestasie daarvan plaasvind. Moet nie herhaaldelik weer oor dieselfde ding bid nie, want dan het jy in die eerste plek nie geglo nie en jy kanselleer jou gebed. Jy kan wel die Vader herinner aan Sy beloftes (Jes. 62:6)

Jesus Christus het aan die kruis gesterf vir ons sondes, krankhede en siektes. Lees daarvan in Jes. 53:3 -4; Matt. 8:17 en 1 Pet. 2:24. Dit is Sy Wil dat dit met ons goed gaan en dat ons gesond sal wees – Hy sê so in 3 Joh. 2. Ons noem hierdie die geopenbaarde Wil van God, want dis in ooreenstemming met Sy Woord net soos dit in ooreenstemming met Sy Woord is dat ons almal gered moet word.

Wanneer ons dan bid vir genesing en ons gebed afsluit met: "as dit U Wil is", sê ons in werklikheid vir God dat ons betwyfel nou Sy Woord, die Bybel en dalk staan SY beloftes van genesing nie meer nie. Sluit liewer jou gebed vir genesing, verlossing, vergifnis, ens. af met die positiewe woorde: volgens U Wil!

Ek beklemtoon dat dit God se Wil is dat jy gesond, gelukkig en voorspoedig moet wees en as daar siekte, ongeluk en armoede oor jou lewe kom, is dit satan wat jou aanval. Wanneer jy dan jou situasie na God toe geneem het, glo, sonder twyfel (Mark. 11:23) dat daar van nou af veranderinge in jou lewe gaan kom (Rom. 12:3, Matt. 17:20). Maar satan sal gou weer sy kop uitsteek en as jy nie onmiddellik verandering in jou omstandighede sien, of verbetering in jou siektetoestand nie, gaan hy twyfel saai in jou hart. En dis hier Geliefde, wat ek vir jou wil bekendstel aan 'n baie belangrikste geestelike waarheid, ag sommer 'n nuwe lewenswyse. En ek wil jou vra om jou gees hiervoor oop te maak en dit vas te gryp, want hierdeur sal jy nie net twyfel van satan kan vernietig nie, maar God sal jou omstandighede in jou lewe verander.

Onthou jy toe Jesus vir 40 dae in die woestyn was en die duiwel Hom versoek het, wat het Jesus as wapen gebruik? (Luk. 4:1-13) Ja, die Woord van God. Hy het elke keer vir satan verjaag met: **Dit is geskrywe.** Kom ons kyk na jou siekte: ons het saam gebid, en omdat ons in Jesus se Naam vir jou genesing gevra het, het God onmiddellik begin genees. Jy kan dit dalk nog nie sien of voel nie,) maar in die geestelike sfeer is dit reeds gedoen, maar dit moet nog na die uiterlike manifesteer. Nou val satan jou aan en sê: "Maar is jy seker jy is genees – wat van al die pyn wat jy nog verduur?" Dan sê jy vir hom: Daar is geskrywe: **Jesus Christus het vir ons sondes en ons siektes aan die kruis gesterf en deur Sy Wonde het daar vir ons genesing gekom (Jes. 53:4-5)** Daarom is ek genees volgens God se Woord en mettertyd gaan ek ook sien en voel dat ek genees is. Ek weerstaan jou nou Satan, in Jesus se Naam. (Jak. 4:7)

Miskien moet jy dit elke halfuur doen, miskien vir dae of weke, maar glo my, nie net jou eie geloof gaan opgebou word soos jy jouself hoor spreek nie, maar jou siekte gaan verdwyn en jy sal gesond word, volkome! God se Woord het omstandighede verander! (Ps. 107:20 en Spr. 4:22)

Skrifdele wat verband hou met jou situasie moet daaroor uitgespreek word, maar die belangrikheid lê daarin dat dit gereeld en met elke aanval voortdurend gedoen moet word. As jy kinders het wat in hulle jonkheid ongehoorsaam en opstandig is, sê elke dag OOR en VAN hulle wat God se Woord van hulle sê en nie wat jou oë sien hoe hulle optree nie! En geleidelik sal daar verandering by jou kinders kom, want God se Gees sal hulle in ooreenstemming bring met God se Woord. En dan moet jy aanhou om elke dag God se Woord oor hulle te spreek, want dis daardie Woord wat hulle beskerm en bewaar en standvastig hou. (Daar is lewe of dood in die tong) Presies dieselfde prosedure kan gevolg word vir 'n wansituasie in 'n huwelik, of materiële te kort, of 'n onderhoud vir 'n nuwe werk, of die aflê van 'n belangrike eksamen – die hoeveelheid situasies is menigvuldig, want God se Word kan elke situasie verander. 'n Waarskuwing is egter ook gepas: onthou hierdie sê van die Woord is nie 'n tower formule of ritueel gebed of positiewe denke nie, maar moet met groot erns en 'n diepe geloof in God se vermoë in jou hart gedoen word. En jy moet sorg dat jou verhouding met jou medemens reg is, en dat jou lewe getuig van jou gehoorsaamheid aan Sy opdragte.

Kyk weer na Genesis vers 1 – merk jy hoe God alles geskape het? Gen. 1 vers 3: **En God het gesê ..... .** Deur Sy Woord het God geskape. Lees in die Nuwe Testament hoe Jesus Christus selfs met die vyeboom en die golwe van die see en die wind gepraat het, en hulle het verander.

Hierdie selfde beginsel van God se Woord te glo en oor jou omstandighede te spreek, kan kragtig werksaam wees vir jou man wat 'n drankverslaafde is, of vir jou seun wat 'n huweliksmaat soek of vir innerlike probleme soos vrees. (i.v.m jou huwelik beveel ek ons boek aan getiteld 'N SUKSESVOLLE HUWELIK)

Dit is egter op hierdie stadium ook paslik dat ons net 'n rukkie sal stilstaan en ons gesindheid teenoor die Woord sal in oënskou neem, want hierdie gesindheid sal outomaties ook ons gesindheid teenoor God Self weerspieël. Die Woord is tog God wat met ons praat. **God en Sy Woord is een en dit behoort vir jou so werklik te wees asof Jesus by jou staan en persoonlik met jou praat. Joh. 1:1 bevestig dit: In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.**

Kom ons kyk wat dink God van

(Vervolg op Bl. 6)

Jesus Christus het vir ons sondes en ons siektes aan die kruis gesterf en deur Sy Wonde het daar vir ons genesing gekom (Jes. 53:4-5)

When you Pray – BELIEVE

When Jesus teaches His disciples how to pray the prayer of faith in Mark chapter 11, His teaching is simple, but extremely profound! Simple enough for each and every believer in Him to embrace and act upon, and profound enough to bring forth that which we hope for! Jesus commences this dynamic truth by saying in verse 22 of Mark 11, that we must have faith in God. It is essential that we come to God in faith, believing that He, not only hears our prayer, and desires to answer it, but that He is able to do so because He is the God of the miraculous! Jesus starts by saying in verse 23: **For verily I say unto you, that whosoever shall say unto this mountain be thou removed and be thou cast into the sea; and shall not doubt in his heart, but shall believe that those things which he saith shall come to pass, he shall have whatsoever he saith.** Notice that He uses the word say/saith three times and the word believe only once. Although it is imperative that we believe, it is also true that most people, whilst believing God is able to do the impossible, are not prepared to actually say it out aloud, and that is the key to seeing if we truly do believe. After praying for the sick, I always tell the person to start thanking God for the healing which we have just agreed for, because that is faith, to believe before you see!

The mountains the Lord talks about in Mark 11 verse 23, are the burdens of heartache, frustration, sickness, grief and poverty. The mountain may have become so big that soon you are unable to see over it. But Jesus has shown us how to make our mountains disappear.

And Jesus answering saith unto them, Have faith in God. (Mark 11:22) To pray without faith (trust) is a lost cause. **Without faith it is impossible to please God. (Heb 11:6)**

Faith then is believing something you HAVE NOT YET SEEN. First to see and then to believe is not faith (trust). The world says: "seeing is believing." The Bible says: "first believe then you'll see." I often say that if we could believe (trust) God the way we believe (trust) man, we would have no problems with faith. Let me explain: If I should phone you and tell you that I have given you ten copies of this book you are reading, you will say: "Thanks Dr James. I really appreciate it" You will then start planning to whom you are going to give books, and what you will do with them. YOU REACTED AS IF YOU ALREADY HAD THEM, and all this on a man's word. Now, to react in the same way to God's Word we find very hard to do even though HIS WORD IS TEN THOUSAND TIMES MORE RELIABLE THAN THE WORD OF A MAN. This is often the reason why people do not receive their healing – they confess with their mouths, but their hearts are not in it. The prophet Isaiah prophesied in Isaiah 53:4-5 that Jesus Christ would die on the cross for our sin, sickness and infirmities and that by His wounds we are healed. This prophecy was given approx. 750 years before His crucifixion. We have this word of prophecy confirmed in both Matthew and 1 Peter:

Matt. 8:17: That it might be fulfilled which was spoken by Esaias the prophet, saying, Himself took our infirmities, and bare our sicknesses.

1 Pet. 2:24: Who his own self bare our sins in his own body on the tree, that we, being dead to sins, should live unto righteousness: by whose stripes ye were healed.

Not for a second can we then doubt Jesus' wounds and death on the cross. Still we find it so hard to believe (trust). Our mouths confess our faith (trust), but WE DON'T ACT AS IF WE BELIEVE. May I add also that Satan can cause us to stumble through the words of our own mouth. Mark 11:23 says we can have what we say! The Lord told an evangelist "I told my people they can HAVE what they SAY, but they just SAY what they HAVE."

In Prov. 6:2, Solomon writes that we are snared by the words of our mouths, and that life and death are in the power of the tongue. (Prov. 18:21)

During a service we pray for a lot of sick people and God heals miraculously. Some healings don't manifest immediately and then they say: "We saw how God healed some, but He didn't touch us." These people have just cancelled their healing, because THEY HAVE WHAT THEY BELIEVE AND HAVE JUST SAID. (Mark 11:23)

In 1 Cor. 12:8-10 the Gifts of the Holy

(Continued on page 4)



Faith then is believing something you HAVE NOT YET SEEN. First to see and then to believe is not faith (trust). The world says: "seeing is believing." The Bible says: "first believe then you'll see."

(Continued from page 3 - When you pray—BELIEVE)

Spirit are named and there we find the gifts of healing, which is a process and involves time, and the gift of miracles which is instant healing.

V24: Therefore I say unto you, What things soever ye desire, <u>when ye pray</u>, believe that ye receive them, and ye <u>shall</u> have them.

It says: WHEN YE PRAY, I.O.W. At the time you pray, believe that you receive. It doesn't help to believe (trust) when you receive, but BELIEVE (trust) THAT YOU RECEIVE WHEN YOU PRAY. If you pray in this manner you won't have to pray the same prayer tomorrow and the day after, as you trusted that you received when you prayed the first time. This is the kind of faith (trust), which God honours because you are now acting in obedience to His Word: **Faith then cometh by hearing, and hearing by the Word of God. (Rom. 10:17).** It is not scriptural to ask for more faith (trust); act upon what you have and God will give the increase.

There definitely are CONDITIONS attached to answered prayers!

I often praise the Lord for taking the scales off my eyes, and showing me how to pray according to His instructions. When I pray, and come into the Presence of God, I first forgive unconditionally and thank Him for His Greatness, His Goodness and for answered prayer. Daily I bring requests of hundreds of people before His throne of Grace. I fully believe and trust Him to work in all their circumstances. (Just days, weeks and sometimes months later the testimonies come back to us about healing and deliverance.) Then after praying I just give Him all the honour and glory, because I believe we received when I prayed.

Of course not all the results and manifestations are there immediately, but this doesn't make me go back and repeat what I prayed the day before. If I ask my earthly father for something, and he agrees, I don't repeat my request continuously but wait for him to fulfil his promise. If I think it is taking too long, I might remind him of his promise, but do not lose my expectation.

Now I start thanking God for hearing me the first time I prayed, and for that which He is busy doing in the situation. I can however remind Him of His promises to us.

We often come across "believing" people who do not know what God's promises are according to His Word. With such a lack of knowledge concerning your Heavenly Father's promises for you, how can you pray in faith (with trust) and remind Him of His promises? Do you now understand why God says that faith (trust) comes by hearing His Word?

KNOWLEDGE OF THE WORD, AND THE CHARACTER OF GOD IS OF UTMOST IMPORTANCE if you want your prayers answered. **Hos. 4:6: My people are destroyed for lack of knowledge: because thou hast rejected knowledge, I will also reject thee, that thou shalt be no priest to Me: seeing thou hast forgotten the law of thy God, I will also forget thy children**.

If you pray according to these biblical instructions on how to pray, then you are sure to have biblical results, because it is God's blueprint for prayer.

POINTS TO REMEMBER

1. We praise and worship and thank our Heavenly Father for all His blessings and mercy and grace. This is the way in which we come into His presence. **We enter His gates with thanksgiving and His courts with praise. Psalm 100:4.**
2. We pray to our Heavenly Father [Matt.6:9]
3. We pray in the Name of Jesus [John 14: 13 and 14]
4. We ask according to His Will which is revealed to us through His Word.
5. Finally we thank Him for hearing and answering our prayer BEFORE we see the results. And in closing we praise and worship Him, because "for His is honour and the power and the glory forever and ever." God said of David, that he was a man after His own heart. I believe the reason for this was because David continually praised and worshipped God with a heart of thanksgiving.

Many people make the mistake of ending their prayers with "for Jesus' sake" which is unscriptural e.g. "Please Father heal me for Jesus' sake." The fact is that I want to be healed for my own sake, we pray in Jesus' name NOT for His sake. Always remember Jesus paid the price for our redemption and reconciliation at Calvary on the cross, thus giving us the privilege of being able to come as children into the presence of Almighty God our Heavenly Father to speak to Him in prayer and expect Him to answer.

"...The fact is that I want to be healed for my own sake, we pray in Jesus' name NOT for His sake. Always remember Jesus paid the price for our redemption and reconciliation at Calvary on the cross…"

For we have not an high priest which cannot be touched with the feeling of our infirmities; but was in all points tempted like as we are, yet without sin. Let us therefore come boldly unto the throne of grace, that we may obtain mercy, and find grace to help in time of need. Heb 4:15-16

Jesus' last words before He was taken up into Heaven in Mark 16 verse 18 were addressed to those who believe, He commanded them saying: …. They (believers) will lay hands on the sick and they will recover. Take note WILL RECOVER. This can mean immediate recovery, which is a miracle, or the recovery can be over a period of time, which will be a divine healing. In Jesus' ministry their were both miracles and divine healings, for example, He healed the eyes of the two blind men by just touching them, and immediately they could see – a miracle! (Matt.

(Continued on page 8)

ons God van wonderwerke!

Baie dankie vir die gereelde nuusbriewe wat tot soveel geestelike verryking dien. Ek deel dit graag met ander teenoor wie ek kan getuig van wonderwerke, waarin ek met my hele hart glo wat ek by Dr James geleer en beleef het, soveel so dat ek nagmaal by myself gebruik, terwyl ek kan bid vir my eie pyn plekke en die Here kan vertrou vir wonderwerke. Hierdie afgelope week weer so 'n wonderlike aanraking van die Here beleef waar ek die ergste lae rugpyn en seer in my sy gehad het. Die Here het my verhoor en ek prys Sy wonderlike Naam, Jesus Christus deur wie se wonde ek genees is. Ook prys ek die Here elke dag vir die vrede wat alle verstand te bowe gaan wat ek die eerste keer in Oktober 1993 beleef het tydens 'n besoek aan die Sentrum, en waar tydens Dr James die kruisiging van ons Here Jesus op die besonderse manier met ons behandel het, en ek geestelik weergebore is sodat ek daarna kon getuig dat ek verseker weet dat ek weet. Vir my was daar al baie antwoord op gebed.

L J Le Grange, Faerie Glen

Ek wil vir u vertel dat Fanie se niere nou heeltemal genees is. Baie, baie dankie!! Dr en almal wat saam gebid het. Alle lofprysing, eer en dankbaarheid aan ons Here Jesus wat genees, wat nooit verander nie. Sy woord staan vas vandag, more en tot in alle ewigheid. Prys die Here!! My dank aan julle almal vir die voorbidding. Liefde groete in Jesus.

Tannie Tine Mare, Alberton

Baie dankie vir julle gebede wat vir my oog opgegaan het. Ons Hemelse Vader het my oog aangeraak en volmaak genees. What a wonderful Lord we serve!! Mag ons Vader julle ryklik seën met krag uit die hoogte, asook goeie gesondheid. Ek bid gereeld vir julle!

Mev G Neethling, Secunda

Dinsdag die 7de het ek vir u 'n faks gestuur om vir my te bid vir ontsteking in die pankreas. Gister het ek baie goed en gesond gevoel, en het krag in my terug gekom. Ek kon nie glo dit is dieselfde persoon van Maandag nie. Die Here het my aangeraak! Ek loof en prys die liewe Vader! Baie dankie vir u gebede. Liefde

Mev S Crafford, Nylstroom

Our eight year old grandson, Slade Christopher Holt, has been told there is no cancer in his blood now and in full remission! Three days before 25th December, after his usual monthly chemo treatment, Praise our Lord and Heavenly Father! It has been a time of great stress of course, but not once have I doubted Slades healing, mostly because of your wonderful booklets, "God Desires to heal you" and "The Lord's Table and Healing", which I read twice a day in parts, over and over and over. The amazing strength and hope and trust I receive from your writings are still with me. The peace is still with me. Thank you Doctor van Zyl from our whole family.

Mrs P Holt, Himeville

Ek skryf die brief om vir u te sê baie dankie. Dankie dat U vir soveel mense omgee en bid, en hulle word gesond deur die Here se genade! Ek is 'n Ouma van 75 jaar, en vanaf my kind tyd tot vandag dra die Here my elke dag. Soveel genade van Hom, ek wil Hom heeldag prys. Jare terug, ongeveer 25 jaar het u op Ermelo in die ou stadsaal opgetree. Daar was so baie mense dat u gevra het ons moet 'n briefie skryf, ek het dit gedoen. My kleinseun Heinrich van Rensburg is gebore met 'n oop buik, al sy binnegoed was oop, maar hy was 'n groot sterk baba. Hy is toe per helikopter vervoer na Johannesburg, Algemeen. Eerstens kon hy nie met die voedings regkom nie, hulle laat toe my dogter Johannesburg kom om moedersmelk van haar te kry, dadelik het hy floreer en elke dag sterker geword. Maar die Here doen nie halwe werk nie, Hy was gesond tot vandag.
Vandag is hy 'n pragtige lang jongman wat altyd lag, vrolik en sonder stres is. Hy is Saterdag, die 28ste Oktober 2006 getroud met die liefste meisietjie, speel voetbal, krieket, klim op FM torings, ag dokter, dis te wonderlik om hom te sien. Dr., dankie vir die werk wat u steeds doen want U is God se instrument.

Mev C Classen, Breyten

Ek groet julle in die dierbare Naam van ons geliefde Jesus Christus wat was, wat is, en weer sal kom. My hart en gees jubel voor die Here met psalms en gesange. Ek wil net getuig dat die Here ook in my liggaam wondere verrig het. Na my fratsongeluk wat ek by ons huis gehad het, en diep inwendige beserings opgedoen het, het ek julle gevra vir voorbidding. Die pyn was onbeskryflik, veral my heup en ribbes. Die Here het my aangeraak en ek voel soos 'n nuwe sikspens. Verlede nag het ek deurgeslaap sonder enige pyn, en het vanoggend met 'n danklied in my hart, en verfris na liggaam, siel en gees opgestaan. Die vreeslike swelling van my liggaam het heeltemal verdwyn. Ek loof die Here God vir Sy getrouheid wat al Sy beloftes hou en ons nooit teleurstel nie. Ek weet dat Hy my volkome sal genees tot Sy eer. Baie dankie vir al u gebede. Jesus liefde.

Mev T Sadie, Despatch

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Vurige gebed...)
Sy Woord. **Matt. 24:25: Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar My woorde sal nooit verbygaan nie.**

Luk. 16:17: Maar dit is makliker dat die hemel en die aarde verbygaan as dat een titel (d.i. komma of punt) **van die wet** (die Woord) **sou val.**

Heb. 13:8: **Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.**

Omdat ons weet Jesus Christus was die vleesgeworde Woord kan ons soos volg sê:

Die Woord is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. Ps. 119:89: Vir ewig, o Here, staan U Woord vas in die hemele. Jes. 55:1: So sal My Woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit wanneer ons dit uitspreek. Jesus sê in Joh. 15:7: **As julle in My bly en My woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê en julle sal dit verkry.** Ons lees ook in Joh. 8:31-32: **En Jesus sê vir die Jode wat in Hom geglo het: <u>As julle in my Woord bly</u>, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.**

Hier is 'n baie belangrike sleutel waarom ons gedurig die Woord moet bestudeer en oordink en memoriseer, sodat dit IN ONS KAN BLY, in ons binneste in ons gees kan woon.

Nou moet jy die Woord, God se belofte, wat op jou omstandighede van toepassing is, uitsoek en GLO en HARD OP BID. Die resultate en verandering sal soms baie langsaam kom, maar deur hierdie gebed bou jy jou geloof tot dit so sterk is dat die berge sal skuif volgens Matt. 17:8, en jy sal met jou fisiese oë ek soek nie myself nie, is nie liggeraak of haatdraend nie. Ek hou nie rekening van kwaad wat my aangedoen is nie en vergeet onreg wat teen my gepleeg is. Ek is nie bly oor ongeregtigheid nie, maar ek is verheug as reg en waarheid seëvier. Ek is verdraagsaam. Ek is altyd gereed om net die beste oor andere te glo. My hoop verflou nie onder watter omstandighede ookal. Ek verduur alles sonder om te verswak, want my liefde faal nie. Vader, ek seën en bid vir diegene wat my vervolg en vervloek hulle nie, daarom word my liefde steeds meer oorvloedig in kennis en in ervaring. Ek onderskei die dinge waarop dit aankom. Ek is opreg en gee niemand aanstoot nie tot op die dag van Christus. Ek is vervul met die vrug van geregtigheid. Oral waar ek gaan lê ek my daarop toe om saadjies van liefde te saai. Ek dank U Vader dat U vooruit harte voorberei om hierdie liefde te

As julle in My bly en My woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê en julle sal dit verkry. Joh. 15:7

stuur.

Jer. 1:12: .... want Ek is wakker oor My Woord om dit te volbring.

God het ons Sy Woord gegee om volgens te lewe. God het ons Sy Woord gegee om uit te styg bo swak omstandighede. **Die Woord van God is ons Wapen.** In Ef. 6:17 word dit die Swaard van die Gees genoem. Ons het reeds genoem hoe Jesus tydens die versoeking in die woestyn deur satan slegs hierdie Swaard as wapen gebruik het. Moet nie toelaat dat enigiets of iemand jou verhinder om God se Woord te bely en oor jou omstandighede uit te spreek nie. **Die Woord is jou kontak met God. Dit is God se kontak met jou!**

In Heb. 4:12 lees ons dat die Woord <u>IS</u> (teenwoordige tyd). Die Bybel spreek NOU tyd, daarom, elke keer as jy die Bybel lees, spreek dit in/vir daardie oomblik.

Want die Woord van God is LEWEND en KRAGTIG en SKERPER as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. Heb. 4:12.

God se Woord is Lewe! Jesus is die Woord, en die Woord LEWE. Dit LEWE wanneer die gelowige dit uitspreek. GLO wat jy sê volgens God se Woord.

God se Woord produseer of bring voort! Die gesproke Woord werk sien hoe die veranderinge kom in jou en jou geliefdes se lewens.

Terselfdertyd hoor satan ook God se Woord en hy vlug, want jy weerstaan hom soos die Bybel voorskryf met God se tweesnydende swaard. (Jak. 4:7)

Ps. 138:2: ..... want U het U Naam en U Woord bo alles gestel (King James Vertaling: **..... for Thou hast magnified Thy Word above all Thy name).** Weereens onderstreep dit hoeveel waarde God aan Sy Woord heg. Daarom kan jy as Sy Kind, verseker wees dat die ernstige en toegewyde spreek van Sy Woord in jou lewe, wondere gaan verrig! – AS JY DIT IN JOU HART GLO EN MET JOU MOND DIT BELY!!

Maak God se beloftes nou op jouself en joune van toepassing, en bid die onderstaande hardop:

Vader, in Jesus se Naam dank ek U dat die liefde van God in my hart uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan my gegee is. Ek hou en bewaar U Woord. Die liefde van en vir U, Vader is volmaak in my en liefde verdryf alle vrees.

Vader, ek is U kind, en ek verbind myself om in U liefde te wandel. Ek verdra met lankmoedigheid, is geduldig en barmhartig. Ek beny nooit iemand nie en is nie jaloers nie. Ek is nie 'n grootprater of ydel nie, en ek maak nie 'n hoogmoedige vertoon nie. Ek is nie ongeskik en ongemanierd nie en ek tree nie afstootlik op nie. Ek dring nie aan op my eie regte nie of op my wyse van optrede nie, want ontvang. Ek weet dat hierdie saadjies U liefde sal voortbring in die harte waarin dit uitgestort word. Vader, ek dank U dat terwyl ek vloei in U liefde en wysheid, mense se lewens aangeraak en geseën word deur my lewe en bediening. Vader, U bewerk dit dat ek guns, barmhartigheid en liefde ontvang van ander mense. Ek is diep gewortel en gegrond in die liefde wetende dat U aan my sy is, en niks kan my skei van U liefde nie, Vader, wat in Christus Jesus, my Here is. Baie dankie Vader, in Jesus se kosbare Naam. Amen!



Liewe Familie in Jesus,

Hierdie brief kan vol wees van my persoonlike afkeer oor die dinge wat daagliks plaasvind, nie net in ons pragtige land nie maar regoor die wêreld! Ek kan skryf oor die voortgaande korrupsie, die gebrek aan gehoorsaamheid, die moontlikheid van die onderrig van homoseksualiteit aan skoolkinders deur "gays", die wetteloosheid en natuurlik die steeds toenemende misdaad, nl. totale wettelike onsedelikheid, en goddeloosheid seëvier. Ek is verseker baie is bewus van alles wat op hierdie oomblik rondom ons plaasvind en dit maak my hartseer, maar ek kan my nie voorstel hoeveel te meer dit die hart van ons Hemelse Vader bedroef om te sien hoe Sy skepsels op so `n manier optree, wanneer dit glad nie Sy doel vir die mensdom was nie! Ek kan op dit alles uitbrei, maar ek het besluit om eerder te skryf oor wat ek en jy moet doen, terwyl dit alles rondom ons aangaan, en dat daar nog tyd is! Ons behoort meer God se Woord te beoefen en dit dan uit te spreek vir almal om te hoor! Instede om te veroordeel eerder die evangelie aan hulle oor te dra en die waarheid sal hulle bevry. Die Woord sê, hoe sal hulle weet as iemand hulle nie vertel nie? Jesus het gesê dat Hy nie vir die regverdiges gekom het nie, maar om die sondaars te red. Want so lief het God die wêreld gehad (dit sluit daardie sondaars in) dat Hy Jesus gestuur het om vir almal te ly op daardie kruis.

Baie van julle mag dink dat ek hierdie twee Skriftuurlike onderwerpe oor beklemtoon, nl. "geloof in God te hê" en "die Woord van God te spreek", maar as gevolg van die afvalligheid, in hierdie laaste dae, onder so baie sogenaamde Christene, kan ek myself nie keer om gelowiges in die Here Jesus Christus te waarsku en te vermaan om ernstige aandag aan hierdie twee belangrike aspekte van ons Christelike wandel te gee nie. Die rede waarom ek dit sê, is omdat ons in **Heb.11:6** lees: **En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en `n beloner is van die wat Hom soek.** Met ander woorde, ons kan nie eers begin om God te behaag as ons nie geloof in Hom het, en Hom vertrou in elke area van ons lewens nie. Dus, as ons Hom vertrou, sal ons verseker die taal spreek wat Hy aan ons gegee het om te spreek volgens Sy Woord! Soos ons die totale wanorde sien wat ons in hierdie wêreld omring, en na die negatiwiteit luister wat daarop volg, alhoewel dit alles waar is, kan ons baie maklik ingetrek word in daardie plek van ellende en wanhoop, wat presies is wat die duiwel georkestreer het.

Jesus het dit duidelik aan ons gestel, dat wanneer hierdie eindtyd beproewings opvallend word, dat ons moet opkyk, want die tyd van ons Verlossing (die Wegraping) is naby (Luk. 21:28). Hy het ons ook vermaan deur te vra, dat wanneer Hy terug kom sal Hy geloof op die aarde vind? (Luk. 18:8) Dan lees ons weer aan die einde van Matt. Hoofstuk 24, en die hele hoofstuk 25 van Matt., dat Jesus ons, deur middel van gelykenisse waarsku. Gelykenisse wat ons waarsku, om volgens Sy bevele, wakker te wees en besig te wees met werke van geloof, wanneer Hy terug kom. Ons vind dit in die briewe van Jakobus: **Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood. Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon. Jy glo dat God een is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder. Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder werke dood is? Jak.2:17-20.**

Laat ons dus in ons harte die voorneme hê om reg te wees vir ons spoedig terugkerende Koning, met ons geloof in Hom in werking, Sy Woorde op ons lippe en ons harte en hoofde na bo gerig!

Ons almal by die Stanger Christelike Sentrum wil julle bedank vir jul kosbare en onskatbare ondersteuning vir die Here se werk wat uitgaan deur ons land, kosbare siele red en siek liggame genees. Sonder jul gebede en liefdevolle getrouheid sou ons nie by magte wees om die verlorenes en behoeftiges te bereik nie. Ons weet dat die Here julle en jul geliefdes oorvloediglik sal seën, want julle harte en skatte is by Hom.

Wees verseker van my dankbaarheid en gebede

Baie liefde groete

Dr James

THE FOLLOWING ARE NOW AVAILABLE ON DVD FORMAT

Transposed from video to DVD—not the best quality, but well worth watching:

P1. ***Healing meeting Pretoria***—1983, English and Afrikaans

P2. ***Healing meeting JHB***—1983, English and Afrikaans

P3. ***Genesingsdiens by die Sentrum***—1986, Afrikaans

P4. ***Dr James se persoonlike getuienis***—1983, Pretoria

P5. ***God se Woord is Sy Wil***—1983, Pretoria

P6. ***Why Religion does not work***—1997, English—Hillcrest

Current DVDs available:

C1. ***Am I really saved?*** - December 2006, Dr van Zyl (English)

C2. ***Who do you say I am?*** Dec 2006, Dr van Zyl and Pst D. Gericke (English)

C3. ***Jesus the Light of the world***—Dec 2006, Dr van Zyl and Pst D. Gericke (English)

C4. ***Christ in you the hope of Glory***—Dec 2006, Dr van Zyl and Pst D. Gericke (English)

C5. ***The Heart of the Gospel***—Dec 2006,

DVD'S R 40-00 EACH

SPESIALE WOORD VAN DANK

`n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u `n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

(Continued from page 4 - When you pray—BELIVE)



"...He assures us in the Word that He only does the Will of His Father who sent Him.."

9:27-30). Then again, He commanded the man, who was blind from birth to wash in the pool of Siloam, after He had put mud on his eyes. Only once he had washed the mud from his eyes, could he see. (Joh. 9 verses 6-7). We see that there was a period of time between Jesus' command to the blind man, and the manifestation of his healing. This was a divine healing. In Mark 1 verse 40-42, the Leper who came to Jesus had the same problem that some of us have. We know that God CAN, but we are not sure that He WILL. Jesus expressed His Will, saying: "I WILL, be thou cleansed", and he was healed instantly – a miracle! Then to the ten Lepers who approached Jesus for healing in Luke 17:11-19, Jesus gave them a command to go and show themselves to the priests, and we read that on the way they were cleansed. There was a time period between the command and the manifestation of their healing – a divine healing took place.

Remember Hebrews 13:8 tells us that Jesus is the same yesterday, today and forever, and He assures us in the Word that He only does the Will of His Father who sent Him. Father God also assures us that He does not change. In Mal. 3:6 we read: For I am the Lord, I do not change. God does not change, Jesus does not change, and the Word of God is forever established! ●

BOEKE, KASSETT BANDE EN CD'S

Skakel ons of skryf aan ons vir 'n lys van ons boeke, kasett bande en CD's.

Hoe om te bestel:

1. Dui asseblief die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkie langs die titel
2. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks of pos die deposito trokie saam met die lys van u bestelling

Bank besondehede: Eerste Nasionale Bank,
Rek No: 53730091667, Takkode: 220129
Faks no: (032) 5525411

OF, stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. As u nie u bestelling binne 4 of 5 weke ontvang nie, dan moet u ons asseblief laat weet.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassete en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.